**5 Februarie**

## Straal liefde en trou uit omdat God jou liefhet

**Skrifgedeelte: Spreuke 3:1-4**
**Fokusgedeelte: Spreuke 3:1, 3**

God se liefde vir sy kinders is ingegraveer in die toekoms, hede en die verlede. Dit kan nooit uitgewis word nie. Nie deur oorloë, moord, geweld, dood, misdaad of siekte nie. Daarom is dit vir ons as gelowiges so belangrik om liefde en getrouheid vir God en ons medemens deel van ons lewens te maak.

In ons teksvers gee die wysheidsleraar vir ons twee maniere om volgens die wil van God te lewe. Eerstens met die woorde: "Wat ek jou leer, moet jy nie vergeet nie." In Hebreeus word dieselfde woorde gewoonlik vir die wet van God gebruik. God se wet moet dus deur ons onderhou word. Ons as sondige mense is egter glad nie in staat om die wet van God te onderhou nie. Die beste wat ons kan doen, is om daarna te streef.

Tweedens: "Moenie dat liefde en trou by jou ontbreek nie." Deur die werking van die Heilige Gees in ons harte kan ons die liefde wat God aan ons bewys het, uitleef en so kan God elke dag deur ons lewens verheerlik word.

As daar beproewinge vandag oor jou pad kom, wees bly. Jy kan steeds vir God leef. Moenie dat liefde by jou ontbreek nie, want God se liefde vir jou sal nooit minder word of ontbreek nie.

*Sing: Psalm 90:1* *Teologiese Student Dirk de Bruyn*